

## HOOFSTUK VI

### BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

#### 1. BEVINDINGE

Dit is 'n universele verskynsel dat kinders afwyk van die verwagte volwassewordingsgang. Nie almal word soos wat hulle behoort te word volgens die verwagtinge van die volwasse lede van hul gemeenskap nie. Wat presies as "afwykend" geld, is aangeleentheid van meningsverskil. Ook wat betref die aanleidende oorsake van kinderlike afwyking en die maatreëls ter opheffing, bestaan daar nie eenstemmigheid nie.

Uit die bestudering van heersende sieninge aangaande die aanleiding tot kinderafwyking, blyk dit dat daar sewe onderskeibare teorieë is (vergelyk hoofstuk I). Indien elk van hierdie sieninge krities ge-evalueer word aan die hand van pedagogiese kriteria, blyk dit dat daar meriete steek in elk, maar dat dit slegs die pedagogiese siening is wat die sinsamehang tussen opvoederlike inset en persoonsvoltrekking by die kind verbesonder en ruimte laat vir die eie aandeel en inset van die kind ten aansien van sy eie volwassewording. Aanhangers van die gedragsteoretiese, psigodinamiese, biofisiese, sosiologiese en ekologiese sienswyses beskou die kind as uitgelewer aan sy aangebore geneigdhede en/of stimuli wat vanuit sy omgewing tot hom spreek. Die "anti"-teoretiese siening daarenteen is dat die kind wel 'n eie aandeel het aan sy wording en hom van nature ten beste sal ontplooi maar dat hy as gevolg van inmenging deur sy medemens verhoed word om sy inherente goed tot verwerkliking te bring.

Die pedagogiese siening is dat die kind slegs kan word dit wat hy behoort te word wanneer daar toereikende begeleiding deur die opvoeders is sodat die kind sy moontlikhede toereikend tot werklikhede omskep. Waar daar gebreke voorkom ten aansien van hierdie dialoog, ontstaan

wordingsremming. Die kind se wordingsgang raak vertraag en hy wyk af van die verwagte moontlik bereikbare vlak van volwassewording. Die bestaan van onophefbare opvoedingsbelemmerende omstandighede word erken. Waar ouers en kind nie by magte is om die opvoedingsgebeure na behore te voltrek nie, is die kind se wording gestrem en wyk hy af van die verwagte wordingsgang. Indien hy egter so 'n peil van wording bereik as wat hy onder omstandighede moontlik kan bereik, is hy nie aangewese op ortopedagogiese hulpverlening nie. 'n Geremde kind is opgaaf vir pedoterapie, 'n gestremde kind nie noodwendig nie. Biofisiese, psigodinamiese, ekologiese en sosiologiese veroorsakende faktore mag verswarend inwerk ten aansien van die opvoedingsgebeure. Of dit remmend gaan wees ten aansien van die kind se wording, sal afhang van die unieke stellingname en singewing van die betrokkenes, te wete opvoeders en kind. Volgens die pedagogiese siening is kinderafwyking dus te wyte aan wanbetekenisgewing as uitkoms van ontoereikende opvoeding. Hierdie siening aangaande kinderafwyking is dus minder eng as die ander genoemde beskouinge.

Waar daar in die praktyk ten aansien van kinderafwykinge gehandel moet word, blyk dit dat opvoedingsuitvalle altyd ten minste mede ter sprake is, ongeag die aard en omvang van die ander moontlike veroorsakende redes. Vandaar die feit dat alle instansies wat by die ondersoek betrokke was gebruik maak van een of ander vorm van raadgewing aan ouers insake die opvoeding van hul kinders. Daar vind nie altyd duidelike onderskeiding en identifisering plaas ten aansien van problematiese opvoeding nie. Meermale word die opvoedingsproblematiek verdoesel onder terme soos "negatiewe omgewingsfaktore" soos in die geval van die ekologiese en sosiologiese benaderings of "ongewenste response" soos in die geval van die gedragsteoretiese benadering.

Hierdie misrekening van die aandeel van opvoedingsproblematiek ten aansien van kinderafwyking bring mee dat die hulpverlening minder doelgerig verloop. Ortopedagogiese hulp is by implikasie altyd ter sake by volwassewordingsprobleme, maar word op 'n toevallige lukraakwyse bygebring. Die tekortkoming is te wyte aan die feit dat terapeute in gebreke bly om die terapie noukeurig te beplan in die lig van 'n konvergensie van kennis aangaande kinderlike volwassewording.

In hoofstuk II is die huidige hulpverleningspraktyk van nader beskou. Daar is bevind dat die terapeutiese doel geformuleer word in die lig van die siening aangaande veroorsaking. Slegs by twee van die dertien betrokke instansies word die uitkoms van die diagnostisering aan die hand van 'n gestruktureerde teoretiese verwysingsraamwerk georden en word die breër oorkoepelende doelstelling verbesonder in nadere doelwitte. Ten aansien van doelformulering bestaan 'n leemte aan riglyne vir die praktyk. Dieselfde geld ten aansien van beplanning en keuse van terapeutiese inhoud.

In kontras met die vaagheid wat daar by terapeute bestaan ten aansien van nadere doelafgrensing, keuse van terapeutiese inhoud en koördinering van hulp aan die kind met raadgewing aan die ouer, skyn die keuse van 'n tegniek voorrang te geniet. Voorkeur word verleen aan daardie tegnieke wat spoedige resultate lewer. Weens die drukte van groot getalle hulpbehoewende kinders, tekorte aan opgeleide personeel, vol programme van die ouers wat die kinders moet begelei, finansiële oorweginge en die koördinering van die akademiese en skooljaar, is dit prakties nie moontlik om tydrowende tegnieke soos psigoanalise en non-direktiewe terapie te gebruik nie.

Ten aansien van die aard van die terapeutiese verhouding is daar 'n groot mate van eenstemmigheid, met die uitsondering van die aard en plek van gesagshandhawing deur die terapeut. Pedagogiese gesag is 'n essensie van opvoeding. Vele terapeute skram weg van erkenning van hul verantwoordelikheid tot gesagsaanvaarding in die waan dat dit die terapeut aan dieselfde opgawes as die ouer of onderwyser sal blootstel. Hulle erken ook nie dat hul terapeutiese bedrywighede, die verloop van die hulpverlening en die doelstelling pedagogies van aard is nie.

In hoofstuk III is aangetoon dat die pedoterapeutiese gebeure na sy wesensaard as 'n opvoedingsgebeure bestempel kan word, maar dat hierdie essensies van opvoeding anders verskyn in die terapeutiese gebeure as in die huislike of skoolse opvoedingsgebeure. Inderdaad verskyn al die opvoedingsessensies, soos oopgedek deur die fundamentele pedagogiek, psigopedagogiek en didaktiese pedagogiek in die pedoterapeutiese gebeure. Hulpverlening aan 'n kind in wordingsnood is 'n opvoedingsaangeleentheid.

Daar word deur die terapeut hulp van 'n pedagogiese aard (pedoterapie) verleen in verband met 'n pedagogiese aangeleentheid (wordingsuitvalle). Pedoterapie as ortopedagogiese hulpverlening is egter te onderskei van opvoeding. Opvoeding voltrek tussen twee pole, te wete die kind en sy ouers. Ortopedagogiese hulpverlening voltrek tussen drie pole, naamlik die kind, sy ouers en die terapeut. Die terapeut verleen hulp aan die ouer by wyse van opvoederbegeleiding en aan die kind by wyse van pedoterapie ten einde die normale opvoedingsgang sodanig te herstel dat hy oorbodig word en die tweepolige gebeure verder kan voltrek.

In hoofstuk IV is die struktuur van die pedoterapeutiese gebeure ontbloot. Dit het aan die lig gekom dat hierdie struktuur op so 'n wyse geskematiseer kan word, dat die terapeut aan die hand van die skema 'n praktyk kan stig. Deur sy kennis van die konstituente van die verskynsel, kan hy sodanige strategieë beplan dat hy met 'n groot mate van moontlike welslae die gebeure in aansyn kan roep.

Aan die hand van 'n praktiese illustrasie word die feit dat geen beplanning, hoe noukeurig ook al, die terapeutiese verloop kan waarborg nie, in hoofstuk V bevestig. Pedoterapie is nie 'n reeks prikkels wat die terapeut aanwend ten einde 'n verlangde reaksie teweeg te bring nie. Die kind as persoon, as totaliteit in kommunikasie met sy wêreld gee 'n eie, unieke, onvoorspelbare gang aan die gebeure. Dit bly egter die verantwoordelikheid van die terapeut om alternatiewe te verken en rigting aan te dui ten einde die doel te bereik. Dit lê die kind ten opgaaf om die appèl te aanvaar of te verwerp. Die gunstige uitkoms van pedoterapie kan nie gewaarborg word nie. Dit kan slegs deur die kennis en vaardigheid van die terapeut moontlik gemaak word.

## 2. GEVOLGTREKKINGS

Na afloop van die ondersoek na die huidige stand van die hulpverleningspraktyk ten behoeve van kinders in wordingsnood en die daaropvolgende beproewing van 'n alternatiewe werkswyse, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

Die gevallestudie illustreer die bruikbaarheid van die teoretiese raamwerk ten aansien van praktykstigting. Dit bied die pedoterapeut vaste bakens aan die hand waarvan hy homself kan oriënteer betreffende die huidige stand van sake. Hy kan ook met 'n redelike mate van sekerheid en in verantwoordelikheid 'n vooruitskou doen van die moontlike verdere verloop van die hulpverlening, nie net vir die daaropvolgende sessie nie, maar ook vir die totale verloop van die terapeutiese gebeure. Die terapeut beoefen nie meer blindelings in goedertrou sy hulpverlening met sy blik slegs op die volgende sessie gerig nie. Hy het nou 'n globale oorsig oor die heersende sowel as die beoogde situasie soos wat dit in sy langtermynbeplanning gestalte gekry het.

Aan die hand van die beplanning vir die hulpverlening in sy geheel, sowel as die meer verbesonderde beplanning vir elke individuele sessie, kan hulpverlening aan die ouers en/of onderwysers gekoördineerd verloop met die hulpverlening aan die kind. Aan die hand van die doelwitbeplanning vir die pedoterapie word die ouers (en ander opvoeders) se inset gekoördineer sodat die kind optimale funksionaliseringsgeleentheid kry waar hy die nuutverworwe elementare tot fundamentele kan omskep ten einde die ervaringsreste ten aansien van gewysigde singewing tot ervaringsbesit te konsolideer. Indien die kind se ervaring tydens periodieke verlating tussen sessies in botsing is met sy pedoterapeutiese ervaring, word die nuwe betekenisgewing teëgewerk en vind dit neerslag in kognitiewe verwarring, affektiewe labiliteit en negatiewe singewing op normatiewe vlak. Die kind ervaar 'n vertrouenskok en kan moontlik tot die gevolgtrekking kom dat hy mislei word, op grond van die feit dat die nuwe betekenis wat hy toeken nie segswaarde het vir die gebeure buite die terapeutiese situasie nie. Pedoterapie as ortopedagogiese hulpverlening veronderstel die inset van die ouers, kind en terapeut.

Hieruit volg die uitspraak dat ouerbegeleiding en pedoterapie inderdaad twee keerkante van dieselfde munt is. Geen kind kan selfstandig sy weg deur die lewe baan nie, soveel te minder 'n kind in nood. Die hulp, steun en begeleiding van die terapeut is tydelik van aard en dien slegs as skakel of brug totdat die gewone opvoedingsgang herstel is.

Ten einde die ouer-kindverhouding dermate te herstel en die terapeut oorbodig kan word, moet pedoterapie en ouerbegeleiding gesinchroniseer word. Dit is te betwyfel of hierdie gebeure bevredigend kan verloop, of inderdaad hoegenaamd kan voltrek indien die hulpverlening aan die ouer en kind vanuit twee oorde geskied. Ouers wat nie in noue kontak is met die kind se pedoterapeut nie, kan nie op 'n doelgerigte, afgespitste, beplande wyse hul noodsaaklike samewerking verleen nie.

Hiermee word nie ontken dat ouers moontlik baat mag vind by bywoning van groeps- en ander besprekingsessies wat deur ander terapeute gelei word nie. Dit kan 'n waardevolle bydrae lewer tot gesindheidsvorming en die skep van 'n gepreformeerde veld. Die insigverwerwing kan moontlik daardeur verhaas word. Sodanige sessies kan egter hoogstens as oueroriëntering bestempel word, maar kan nooit ouerbegeleiding as keerkant van hul kind se pedoterapie vervang nie. Ouerbegeleiding en pedoterapie gesamentlik vorm ortopedagogiese hulpverlening. Die een werp die ander in reliëf.

Sonder die sistematisering, ordening en koördinering van pedoterapie en ouerbegeleiding aan die hand van deeglike beplanning, is dit 'n kwessie van toeval of die relevante terapeutiese inhoud wel ter sprake gaan kom. Sonder sodanige beplanning kan die terapeut slegs op sy intuïsie en momentele insig staatmaak.

Ten einde 'n vrugbare terapeutiese moment uit te koop en maksimaal te benut, moet die terapeut deeglik voorbereid wees en steeds die terapeutiese doel in al sy gekompliseerde diversiteit in die oog hê. Pedoterapie neem dikwels 'n onverwagte en onvoorspelbare wending. Sonder vaste oriënteringsbakens dryf terapeut en kind rigtingloos voort. Elke situasie is eenmalig en onherhaalbaar. 'n Verspilte terapeutiese geleentheid is onherroeplik verby.

Die uitkoms van hierdie ondersoek, naamlik die daarstelling van riglyne vir die ontwerp van 'n pedoterapeutiese praktyk, het nie slegs segswaarde vir praktiserende ortopedagoë nie, maar hou implikasies in vir die opleiding van studente in die ortopedagogie. Die struktuur van die

pedoterapeutiese gebeure is blootgelê en belig vanuit ortopedagogiese perspektief. Die teorie het neerslag gevind en uitgemond in 'n praktiese werkswyse aan die hand waarvan selfs 'n minder ervare terapeut in verantwoordelikheid dit kan waag om 'n praktyk in aansyn te roep.

Die eksemplaar van pedoterapeutiese hulp aan 'n wordingsgeremde kind illustreer die feit dat alhoewel die pedotrapeut met 'n mate van sekerheid kan beplan ten aansien van die verloop, moet sy beplanning altoos plooibaar bly en ruimte laat vir die eie aandeel van die unieke kind, wat nooit ten volle kenbaar en voorspelbaar kan wees nie. Die pedoterapeutiese gebeure is 'n onderrigsgebeure en as sodanig het die didaktiese pedagogiek steeds segswaarde daarvoor. Die sessie kan egter nooit soos 'n les verloop en soos die skoolse onderwysgebeure geformaliseer word nie. Waar daar met kurrikulumgebonde inhoudes gehandel word, neem die leermeester die inisiatief en oorwegende aandeel tydens die gesprek. In die geval van pedoterapeutiese inhoud wat 'n sterk gevoelsbelading dra en wat van dag tot dag verskille in nuanses ondergaan op grond van die nawerking van die ortopedagogiese hulp, moet daar in die beplanning ruimte gelaat word vir improvisasie.

Ten spyte van noukeurige beplanning wat getuig van teoretiese insig, word pedoterapeutiese sukses tot op groot hoogte medebepaal deur die aanleg en ervaring van die terapeut. Aanleg, opleiding en ervaring vul mekaar aan. Die een kan die ander nie vervang nie.

Vanweë die klem op normatiewe singewing wat berus op affektiewe stabiliteit en ook kognitiewe ordening, is pedoterapie minder bruikbaar by debiele kinders. Pedoterapeute doen ook 'n beroep op die kind se taalvaardigheid. Kinders met ernstige onophefbare taalprobleme, mag moontlik minder baat vind by hierdie hulpverleningswyse. Waar die kind se uitvalle te wyte is aan of medebepaal word deur biofisiese probleme, is mediese en paramediese hulp onontbeerlik. Indien daar vanuit die sosiale omgewing opvoedingsbelemmering plaasvind, is maatskaplike hulp aangewese en kan daar nie uitsluitlik op pedoterapie staatgemaak word nie. Opvoedingsproblematiek met 'n keerkant van eksis-



tensiële nood, verg pastorale hulpverlening. Die pedoterapeut is in so 'n geval een van 'n span deskundiges wat 'n aandeel en inspraak het in die hulpverlening.

Waar dit egter gaan om hulpverlening aan 'n *kind*, is opvoeding immer ter sprake. Die ortopedagoog as kundige ten aansien van opvoeding, het dus 'n *koördinerende* rol te vervul ten einde te verseker dat al die hulp met simptomebehandeling en opheffing van opvoedingsbelemmering vanuit aanverwante wetenskapsgebiede ook sal strek tot die wordingsverheffing van die kind. Nie alle wordingsbelemmerende faktore is ophefbaar nie. Dit lê die ortopedagoog ten laste om die kind tot aanvaarding van die onveranderlike te bring. Ongeag die samestelling van die hulpverleningspan, het die ortopedagoog 'n koördinerings- en opvolgtaak. Uit hoofde van die feit dat optimale volwassewording van die kind in wordingsnood sy studieterrein is, is hy by uitstek toegerus vir die taak.

Die struktuur van die pedoterapeutiese gebeure wat blootgestel is, vergestalt universele geldighede. Wanneer daar praktyk gestig word aan die hand van sodanige kennis van die fenomeen, word daar met spesifieke inhoud gewerk, wat partikuliere lewensbeskouinge weerpieël. Hierdie lewensbeskoulike aangeleenthede wat as inhoud figureer, wissel van geval tot geval na gelang van omstandighede. Die pedoterapeutiese verloopkema wat 'n uitkoms is van die teoretisering, bied ruimte vir inkleding vanuit 'n verskeidenheid beskouinge aangaande mens en wêreld. Dit is nie beperk tot bruikbaarheid binne 'n spesifieke kultuur of denkwysie nie.

Ook is die bruikbaarheid van pedoterapie nie slegs gekoppel aan die remediëring van 'n spesifieke uitvalsbeeld nie. 'n Verskeidenheid tegnieke kan pedoterapeuties benut word. Hierdie aangeleentheid is tot op hede nog onvoldoende nagevors en het as sodanig buite die bestek van hierdie studie geval. Dit kan egter voorsien word dat werksydes wat bruikbaar skyn te wees, bestudeer word met die oog op aanwending in ortopedagogiese konteks.



Die praktyk het dit reeds bo alle twyfel uitgewys dat doeltreffende opheffing van kinderafwyking buite die opvoedingsgebeure om, nie te bedink is nie. Die hulpverlening aan die kind dra 'n eie aard wat nie te verwar is met hulpverlening aan volwassenes met psigiese lewensprobleme nie. Die gesitueerdheid van 'n kind, die aard van sy nood en behoeftes, sowel as die doel van sy wording, verskil sodanig van die van 'n volwassene, dat hulp nie te verleen is langs dieselfde weg nie. Die wesensverskille tussen hulpverlening aan 'n kind in wordingsnood, en hulp aan 'n volwassene met psigiese lewensnood is so diepgaande, dat dit 'n aparte benaming regverdig.

Nie slegs verwys die term *pedoterapie* na die kindgerigtheid van die hulpverlening nie, maar na die onwegdinkbare pedagogiese gesitueerdheid van alle kinders. Dit is juis hierdie gesitueerdheid wat skering en inslag vorm van die werkswyse. Wie pedoterapie beoefen erken die wesensaard van die kind.

### 3. AANBEVELINGS

Hierdie studie en navorsing oor die wesensaard van pedoterapie en die aandui van 'n moontlike weg waarlangs 'n verantwoordbare praktyk in aansyn geroep kan word, is slegs 'n aanvangspoging in die verband. Daar word geen aanspraak op gemaak as sou dit die enigste of noodwendig die beste werkswyse wees nie. Die laaste woord in die verband is nog lank nie gespreek nie. In die lig van die huidige insig aangaande hulpverlening aan kinders in wordingsnood, is dit egter 'n verantwoordbare werkswyse wat as prakties bruikbaar bewys is. Dit kan voorsien word dat daar in die toekoms moontlik alternatiewe skemas daargestel kan word aan die hand waarvan die pedoterapeut praktyk kan stig, of dat die skema wat as uitkoms van hierdie studie daargestel is, verfyn kan word. Dit sou egter verdere navorsing van die pedoterapeutiese praktyk verg.

Daar word aanbeveel dat ortopedagoë in die praktyk, soos byvoorbeeld die hulpdienste van die Transvaalse Onderwysdepartement en ander onderwysinstitusies, hulle vergewis van die uitkoms van hierdie studie. Waar

hulle oorstroom is met groot getalle kinders wat jaarliks ortopedagogiese hulp nodig het, is dit noodsaaklik dat die ortopedagoog sy dienste op die doeltreffendste wyse moontlik aanwend. Voortaan sal hulle met meer doelgerigtheid en noukeurigheid hul pedoterapie kan beplan en van stapel stuur in die lig van die ortopedagogiese insig waartoe gekom is.

Daar word aanbeveel dat ondersoek ingestel word na die gedifferensieerde aanwending van die sessieverloopskema. Dit mag blyk van groter praktiese nut te wees by kinders in 'n spesifieke wordingsfase as by ander. Daar mag selfs 'n variasie of alternatiewe werkswyse wenslik wees vir gebruik by kinders wat spesifieke uitvalsimptome in gemeen het, soos byvoorbeeld kinders met spesifieke leergeremdhede, kinders in kindertehuse, kinders met liggaamlikheidsprobleme, skoolgereedheidsprobleme en so meer.

Wedersydse aanvaarding tussen ouer en kind sowel as aanvaarding van moontlike onophefbare opvoedingsbelemmeringe is van kardinale belang vir suksesvolle pedoterapie. Tot op hede is min bekend aangaande die essensies en wesensaard van pedagogiese aanvaarding. Daar word in hierdie verband 'n vraag gestel aan die fundamentele pedagogiek. Sodanige kennis en insig sou ook verdere lig werp op die verhouding terapeut : kind. Waar hierdie volwassene en kind nie oor die langtermyn lotsgebonde is nie en ook nie gebonde is met bande van bloed nie, is outentieke wedersydse aanvaarding 'n gekompliseerder gebeure as tussen natuurlike ouer en kind. Indien die fundamentele pedagogiek die verskynsel sou oopdek na sy aard, wesenskenmerke en onderlinge sin-samehange, sou die terapeut met 'n groter mate van sekerheid kon verhouding stig met die ouers en met die kind. Verder sou hy hulle meer toereikend kon steun tot aanvaarding van mekaar en indien nodig, hul gesitueerdheid. Aanvaarding as terapeutiese inhoud figureer meermale in sowel pedoterapie as ouerbegeleiding.

'n Studie van die kenmerkende persoonskwaliteite van suksesvolle pedoterapeute sou 'n groot bydrae kon maak tot die keuring van studente vir opleiding as pedoterapeute en die inskerp en verfyning van daardie relevante persoonsmoontlikhede nie net by pedoterapeute in opleiding nie, maar ook by bestaande praktisyne.

Die struktuur van die pedoterapeutiese verhouding is 'n aangeleentheid wat reeds indringend bestudeer is, ook die aard van die pedagogiese verhouding tussen ouer en kind is bekend. Die derde been van die gebeure, naamlik die verhouding tussen die opvoeder en die terapeut, is tot op hede as studieterrein nog agterweë gelaat.

Ook die ouerbegeleidingsgebeure is 'n leergebeure, maar nou wel in 'n andragogiese situasie. Meningsvorming, gesindheids wysiging, die verwerwing van insig en die aflê van vooroordele is maar enkele aangeleenthede waarvan die terapeut in sy bemoeienis met die ouers sal moet kennis dra, ten einde sy pedoterapeutiese inset aan te vul en te konsolideer. In sy verhouding tot die kind handhaaf die terapeut 'n gesagsverhouding op grond van onder andere sy hoër vlak van bereikte wording. As volwassene is hy sedelik selfstandig en kan en moet hy verantwoordelikheid dra vir die pedoterapeutiese gebeure. Hy borg inderdaad die kind in sy sorg. In die ouerbegeleidingsgebeure as andragogiese situasie is die terapeut ook in 'n gesagsverhouding betrokke, maar nou uit hoofde van sy meerdere wetenskaplike kennis en sonder om die volwassenes as sedelik selfstandiges te borg. Gesag is 'n essensie van ortopedagogiese hulpverlening. Dit tree egter op verskillende wyses in aansyn tydens hulpverlening aan 'n kind en aan 'n volwassene. 'n Gesagsverhouding is slegs een konstituent van die ortopedagogiese hulpverleningsgebeure. Dit is noodsaaklik dat die hele aangeleentheid van verhouding in die ortopedagogiese hulpverleningsgebeure indringend bestudeer en nagevors word.

In die onderhawige ondersoek is direkte en indirekte pedoterapie onderskei. Die praktyk het uitgewys dat die twee vorme mekaar dikwels afwissel. Die praktiese nut van hierdie onderskeie werkswyses dien egter verder nagevors te word, met spesifieke verwysing na die wordingspeil van die kind, die aard van sy probleme en die media of hulpmiddele wat die terapeut ter hand neem. Dit sou insiggewend wees indien die tydsfaktor by sodanige navorsing in berekening gebring kan word, met ander woorde as aangedui kan word hoeveel sessies oor welke tydperk nodig was om betekeniswysiging teweeg te bring en hoe blywend die nuwe insigte was.

Die funksie en plek van taal in die pedoterapeutiese gebeure is nog 'n onontginde studieterrein. Dit dien ook gedifferensieerd nagevors te word, byvoorbeeld in gevalle waar daar aanvanklik van nie-verbale ekspressietegniese gebruik gemaak is. Taal is altyd by pedoterapie ter sprake. Die rol van taal binne die individuele sessie, en ook in die totale verloop van die pedoterapie moet egter nog toegelig word. Taalverskille tussen die terapeut, ouers en kind is in die Suid-Afrikaanse konteks 'n wesentlike vraagstuk. Welke rol speel taal in die ortopedagogiese hulpverlening aan mense met sosio-ekonomiese, kulturele, volks- en rasseverskille? 'n Antwoord op hierdie vraag hou ook implikasies in vir die opleiding van ortopedagoë.

Daar word verder aanbeveel dat navorsing onderneem word ten einde die bruikbaarheid van verskillende terapeutiese tegnieke in pedoterapeutiese perspektief vas te stel. Tegnieke wat steun op liggaamsbeweging, soos mimiek en euritmiek word tans grootliks oor die hoof gesien. Studie en navorsing na die aard en plek van liggaamsterapie as pedoterapeutiese werkswyse is te lank reeds agterweë gelaat. In die praktyk word hierdie tegnieke soms op onverantwoordbare wyse vanuit studieterreine anders as die pedagogiek op 'n probeer-en-tref-wyse op die kind toegepas. Dat kennis van die *liggaamlikheid* van die kind van groot waarde vir die ortopedagoog kan wees, word lank reeds besef en 'n gebrek daaraan as 'n leemte ervaar. Dit is opgaaf vir die liggaamlike opvoedkunde as 'n onderskeie pedagogiekperspektief, om die relevante insig bloot te lê. Die pedoterapeutiese bruikbaarheid daarvan kan dan nagevors word vanuit bestaande insigte aangaande die kind in wordingsnood.

'n Longitudinale studie van kinderlike wording vanuit psigopedagogiese perspektief sou aan die ortopedagoog verfynde wordingskriteria verskaf aan die hand waarvan hy kan evalueer wat die kind se bereikte vlak van wording is voor, en behoort te wees, tydens en na pedoterapie. Dit sou ook 'n groot bydrae lewer ten aansien van die verfynde formulering van doelwitte. Ook ten aansien van ouerbegeleiding sou die terapeut die ouerlike verwagtinge en eise ten aansien van hul kind meer eksakt kon rig.

Die reusebydrae tot die kinderkunde wat ten aansien van die kinderlike psigiese lewe gemaak is vanuit psigopedagogiese perspektief, word geredelik erken. Veral ten aansien van die essensies van die psigiese lewe bestaan daar reeds verfynde insig. So byvoorbeeld is dit reeds moontlik om te onderskei ten aansien van die niveau van affektiewe en kognitiewe beleving. Normatiewe beleving is egter nog nie in dieselfde mate oopgedek nie. Die bydrae wat in hierdie ondersoek in hierdie verband gemaak is, moet as 'n eerste of inleidende poging gesien word. Verdere bestudering van normatiewe beleving vanuit psigopedagogiese perspektief sal ook vir die ortopedagoog besondere segwaarde hê.

Navorsing oor die bydrae wat persoonlike aanleg van die terapeut lewer tot die sukses al dan nie van pedoterapie, is aan te beveel. Dit is 'n ervaringsfeit dat sommige volwassens as pedoterapeute meer suksesvol is as ander. Dat hulpverlening aan 'n kind in wordingsnood spesifieke persoonskwaliteite by die volwassene veronderstel, is reeds algemeen aanvaar. Wat die juiste aard van hierdie kwaliteite is, of hulle reeds voor opleiding kenbaar is en of hulle noemenswaardig verder deur opleiding kan uitkristaliseer, is nog nie bekend nie. Die beskikbaarheid van sodanige kennis sou implikasies inhou vir die keuring en opleiding van studente as pedoterapeute enersyds, maar ook vir die selfkontrole en doelstelling van elke pedoterapeut in die praktyk. Pedoterapie is 'n leergebeure, nie slegs vir die vasgeloop kind nie, maar ook vir die volwassene wat saam met hom by die gebeure betrokke is. Ten einde sy eie inset noukeuriger en met groter verantwoordelikheid te kan laat geskied, moet die pedoterapeut pertinent bewus wees van welke menslike hoedanighede hy op moet konsentreer. Sodoende kan ook hy groter baat vind by die pedoterapeutiese leergebeure.

#### 4. SLOT

Pedoterapie as gespesialiseerde hulpverlening aan kinders in wordingsnood, kan veel bydra tot die daarstelling van 'n weerbare jong geslag. Die tweeledige aard van die ortopedagogiese hulpverlening, naamlik aan én die ouers én die kind, maak dit moontlik om die bose kringloop wat

al te dikwels ontstaan, te verbreek. Die vasgelope kind van vandag word die ontoereikende ouer van môre. Via pedoterapie word ook aan die vasgelope kind die geleentheid gegun om sy persoonsmoontlikhede optimaal tot werklikhede te omskep vanuit 'n toereikende opvoeding-situasie. Die mannekragtekorte en die polities-ekonomiese opgaaf wat tans vanuit ons landsituasie spreek, maak 'n weerbare opkomende geslag gebiedend noodsaaklik. Hierdie ondersoek met die gevolgtrek-kings en aanbevelings wat daaruit voortgevloei het, is 'n beskeie po-ging om 'n bydrae te lewer in hierdie verband.